REëLS VIR MABELINGWANE WILD.

Mabelingwane Wild verwelkom u op die plaas
Die reëls is daar gestel om die natuur en die fasiliteite vir u plesier te beskerm
Die eienaars van Mabelingwane Wild aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade gelei of beserings **opgedoen tydens u verblyf nie**

1.0 *ALGEMENE INLIGTING*

1.1 Die plaas "Mabelingwane" is geleë ongeveer 22km vanaf Tolwe op die Maasstroom pad, en 180km vanaf Potgietersrus
1.2 Private vliegveld koordinate:- S22 50 610 E28 25 035
1.3 Selfoon opvangs op meeste dele van die plaas (MTN) (Vodacom beperkte ontvangs)
1.4 Betaling kan geskiet by wyse van kontant, tjek of internetoorbetaling

2 *KAMP*

2.1 Rook in geboue en tente verbode
2.2 Alle wapens moet veilig gemaak word voordat die kamp binne gegaan word, dws. Geen ammunisie in vuurwapen of magasyn nie en slot meganisme moet oop wees.
2.3 Vuur mag alleenlik gemaak word in plekke voorsien.
2.4 Moet asb nie rommel strooi nie
2.5 Alkoholiese drank mag onder geen omstandighede aan personeel aangebied word nie

3 *ALGEMENE JAG REELS*

3.1 Geen jag op Sondae nie
3.2 Alle etiese jagbeginsels moet eerbiedig word
3.3 Alle wapens moet in die teenwoordigheid van die Beroepsjagter ingeskiet word voordat die jag begin
3.4 Die skietbaan word gebruik om gewere in te stel met die minimum skote, nie as 'n oefenbaan nie
3.5 Geen ongelesensieerde wapens word toegelaat nie
3.6 Geen jag binne 200 meter vanaf voertuie nie
3.7 Geen jag binne 1km vanaf enige kamp of woonhuise nie
3.8 Jagters moet ten alle tye deur 'n gids vergesel word
3.9 Die verantwoordelikheid van besluit om te skiet lê by die jagter alleen
3.10 Sou daar 'n bok gekwes word, moet die jag gestaak word totdat die bok gevind word, indien die bok nie gevind word nie, sal die volle prys betaal word. 'n Bok wat geval en geen bloed agterlaat sal as gekwes geag word. "n Horingskoot is word ook as gekwes geag.
3.11 Minimum kalibers wat gebruik mag word:-

270 (150 gr) tot by Kudu
30.06 (180 gr) tot by Eland
9,3 of groter vir groter wild

3.12 Geen .22 geweer sal toegelaat word op die plaas tensy daar tarrentale gejag word en vooraf reelings gemaak is. , .22 gewere sal in die kluis toegesluit word.
3.13 Kinders onder 16jr mag slegs onder toesig jag.
3.14 Geen kopskote word toegelaat nie
3.15 Geen nag jag nie, dws 'n half uur voor sonnopkoms en 'n hafuur na sonsondergaan
3.16 Geen sterk drank word in veld gedurende jag toegelaat nie en persone onder die invloed van drank word ook nie in die veld toegelaat nie
3.17 Geen onderskeid word gemaak vir die ouderdom van n bok nie
3.18 Jagters wie vanaf voertuie jag/skiet sal beperk word slegs tot diegene wie 'n liggaamsgebrek het.
3.19 Geen wild of voëls mag geskiet word wat nie op die jaglys voorkom nie. Die karkas sal verbeur word en die prys van die wildsoort sal ook betaal word met inagneming van markwaarde, veilingpryse, wildsoort, vervoerkostes en die aankoop van soortgelyke wild.
3.20 Arriveer vanaf 14:00 tot 18:00 en vertrek voor 10:00. Indien u van die tye gaan afwyk moet daar vooraf gereel word.

4 *VELD REëLS*

4.1 Geen hout mag uit die veld geneem word vir vuurmaak nie
4.2 Geen privaat voertuig mag in die veld gebruik word vir jag of wild besigtigging nie
4.3 Geen oop vure mag in die veld gemaak word nie
4.4 Geen plante of bome mag in die veld uitgehaal of beskadig word nie
4.5 Geen klippe, bendere, artifakte en enige stoflikeoorblysels van enige aard mag verwyder word nie

Ek die ondergetekende en groep leier aanvaar die voorwaardes en reëls soos hierbo uiteen gesit:-

_____ _____ _____

Naam **Geteken** **Datum**